



eduresourceza.com



ST JOHN'S COLLEGE

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

Tyd: 2½ uur

100 punte

Eksaminator: M Huysamer, G Muller

Modereerders: GO, JS, EP, GM, IM, MH

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:
Afdeling A – Letterkunde (70 punte)
Afdeling B – Transaksionele skryfwerk (30 punte)
 3. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy in jou Antwoordboek.
 4. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genummer is.
 5. ALLE vrae **moet in Afrikaans** beantwoord word.
 6. Dit is in jou eie belang om **leesbaar** te skryf en jou werk **netjies** aan te bied.
-

AFDELING A LETTERKUNDE**INSTRUKSIES VIR AFDELING A**

1. Beantwoord **AL VIER** die vrae.
2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.
3. Skryf jou **getal woorde** aan die einde van die **paragraaf in Vraag 2** en die **opstel in Vraag 4** neer.
4. Let op die punttoekenning tussen hakies by elke vraag. Die getal punte bepaal die getal feite wat verwag word.
5. **Beplanning**
 - 5.1 Dit is 'n goeie idee om 'n opstel of paragraaf te beplan voordat jy dit neerskryf. Die beplanning word nie gemerk of bepunte nie.
 - 5.2 Skryf die opskrif: **BEPLANNING** boaan. Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

VOORBEELD:

BEPLANNING	VRAAG
 (linkerkantse bladsy)	 (regterkantse bladsy)

DONKER WEB – Fanie Viljoen

Beantwoord die volgende VIER vrae oor die roman, *Donker Web*.

VRAAG 1 WAAR DIT ALLES BEGIN HET

1.1

“Daar is iemand by die deur vir Pa,” sê hy toe hy sy kop terugdraai.
 “Het jou ma hulle laat inkom?”
 Xander haal sy skouers op.
 “Weet jy wie dit is?”
 “Twee ooms.” Sy pa se werk bring soms mense huis toe. Meestal in pakke
 klere. Kraakwit hemde. Dasse. Hierdie mans was anders aangetrek.
 Sommer net jeans en swart T-hemde wat om hulle boarms span.

[bl.8]

1.1.1 Wie het die twee mans na Regter Gericke se huis gestuur? Gee die karakter se volle naam en van. (1)

1.1.2 Hoe het Regter Gericke betrokke geraak by Chris Owen? (1)

1.1.3 Hoe het Regter Gericke se moordenaars hom doodgemaak? (2)

1.2

Ek is Greg Owen.
 En ek is alleen tussen al hierdie mense.
 Ek het verander in daardie outsider wat my destyds die onderwêreld in
 getrek het.

[bl.31]

1.2.1 Waar is Greg se pa wanneer Greg begin studeer aan die Universiteit van Stellenbosch? (1)

1.2.2 (a) Waarvan is Greg se pa in die hof skuldig gevind? (1)

(b) Watter rol het Greg gespeel in sy pa se arrestasie? (1)

1.2.3 Gee die name en vanne van die drie samesweerders by Project Nursery Rhyme :

(a) Die Butcher (1)

(b) Die Baker (1)

(c) Die Candlestick-maker (1)

1.2.4 Noem nog TWEE karakters wat bewus was van Project Nursery Rhyme. (2)

1.3

Ma kyk na die foto op my selfoon. "Alles wat nou voor jou lê, Greg, was nie vir jou broer beskore nie."
 Soos gisteraand, stuit haar woorde my. "Ek sal die swottings vir ons albei doen, Ma."
 "Ek praat nie net van universiteit nie, Greg." Haar oë rus swaar op my.
 "Jy gaan die paaie loop waarby jou broer nie kon uitkom nie. Hoe bitter gelukkig vir jou. Hoe bitter jammer vir hom."

[bl.17]

1.3.1 Verduidelik hoe John Owen doodgegaan het. (2)

1.3.2 Noem een adrenalien-sport wat John saam met Greg gedoen het. (1)

[15]**VRAAG 2****WAARSKUWINGS EN AGTERDOG**

2.1

Voor ek besef wat ek doen, stamp ek hom. Hy land op die grond voor 'n meisie se voete, maar is skynbaar te dronk om om te gee. Glimlag net tartend. "So, my bru, gaan jy die koekiemans ook vang?"
 Hy bedoel die Baker, weet ek dadelik.

[bl.31]

2.1.1 Watter **TWEE** waarskuwings het Dirk Schutte vir Greg gegee? (2)

2.1.2 Waarteen waarsku Greg se pa hom toe hy tydens die Paasnaweek vir hom gaan kuier het? (1)

2.1.3 Terwyl hy in Stellenbosch is, ontvang Greg **VIER** verskillende waarskuwings om nie vir die Baker te soek nie. Gee 'n kort beskrywing van elkeen van die volgende waarskuwings:

(a) Die boodskap in sy woonstel. (1)

(b) Tom, Xander se 'hacker-buddy'. (1)

(c) Die Dropbox-waarskuwing. (1)

(d) Die waarskuwing uit die aanhoudingselle. (1)

2.1.4 Watter grusame waarskuwing het Xander op sy SFTP server ontvang? (1)

2.3

Maar skielik vang my oog 'n granietbankie voor die SMAK-kunsgalery. Dis nie net 'n sitplek nie, dis 'n kunswerk van Willem Boshoff. Die woord *TRUST* is netjies daarop gegraveer, maar 'n bars loop deur die U. *Broken Trust*, die titel van die kunswerk. 'n Onverwagse herinnering aan die ou wat ek eens vertrou het, kom by my op.

[bl.35]

Skryf 'n **paragraaf van tussen 80–120 woorde** oor die gebroke vertroue tussen Greg en Xander.

In jou paragraaf moet jy aan die volgende aandag gee:

- Waar het Greg en Xander ontmoet? (1)
- Hoe het Greg sy vertroue in Xander by Jeffreysbaai begin verloor? (1)
- Wat het gebeur dat Greg al sy vertroue in Xander verloor het toe hy nog op skool was? (1)
- In Istanboel het Xander ontdek dat Greg TWEE keer die waarheid van hom weggesteek het. Noem hierdie twee insidente. (2)
- Hoe het Plank almal se vertroue in hom gebreek toe hulle in Istanboel was? (1)
- In Florence het Greg weer Xander se vertroue in hom geskud toe hy op sy eie iets gaan doen het. Wat was dit? (1)

[15]

VRAAG 3

DIALOOG

En die eerste koerantberigte in Suid-Afrika: Greg Owen is oorlede. 'n Span duikers het sy liggaam gister uit die Canale Grande in Venesië gehaal.

Dis wat die koerante in die Turret Media-groep berig.

Hoe kon hulle so 'n fout maak?

[bl.306]

Twee weke ná die gebeure in Europa, sit Greg en sy ma in John se kamer en gesels oor alles wat oor die afgelope paar weke in Greg se lewe gebeur het.

Voltooi die volgende **dialoog** tussen **Greg en Rina Owen**. Skryf SLEGS die **vraagnommer en Greg se woorde in jou Antwoordboek** neer. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

- 3.1 Rina: Soveel het die afgelope jaar in jou lewe gebeur! Die ergste was seker Plank se dood. Hoekom, dink jy, het die koerante berig dat dit jy was wat gesterf het, en nie Plank nie?
- Greg: ... (1)
- 3.2 Rina: Dirk het gesê dat jy ook amper in Venesië gesterf het. Vertel my wat daar gebeur het.
- Greg: ... (2)
- 3.3 Rina: Sjoe! Hoekom het jy toe nie gesterf nie?
- Greg: ... (1)
- 3.4 Rina: Plank was nie die enigste mens wat daardie dag in Venesië gesterf het nie, nê? Wat was die naam en van van die ander mens wie se lewe kortgeknip is?
- Greg: ... (1)
- 3.5 Rina: Hy het dit verdien! Hoe het hy gesterf?
- Greg: ... (1)
- 3.6 Rina: Ai. Daar was omtrent 'n ontploffing op sosiale media toe Xander se *Doxware*-aanval die details van al die Baker se planne ontbloot het. Wat was dit wat hy met babas wou doen?
- Greg: ... (1)
- 3.7 Rina: Dis 'n nagmerrie! Soveel mense het gesterf as gevolg van die Baker! Wat was sy neef se naam nou weer, en waarom het hy tronk toe gegaan?
- Greg: ... (2)

- 3.8 Rina: En hoe het hy in die tronk doodgegaan?
Greg: ... (1)
- 3.9 Rina: Dis te vreeslik vir woorde. Was daar nie iemand anders wat ook in die tronk gesterf het nie?
Greg: Ja, ... (1)
- 3.10 Rina: Hoe het hy gesterf?
Greg: ... (2)
- 3.11 Rina: En Xander het net soos 'n groot speld verdwyn saam met sy meisie, nê? Wat is haar naam nou weer?
Greg: ... (1)
- 3.12 Rina: Dit is so 'n eksotiese naam. Sy klink na 'n wonderlike mens – 'n bietjie soos Lisa. Ek kry háár ook so jammer! Wat studeer sy nou weer?
Greg: ... (1)
- Rina: Ons moet haar en haar pa nooi om Sondag middagete by ons en André te kom eet. Ek is seker ons sal almal goed oor die weg kom.
- [15]**

VRAAG 4 LITERÊRE OPSTEL**TEMA: Die Baker****Opdrag:**

Skryf 'n opstel van **tussen 250 en 400 woorde** oor die Baker, die verhaal se grootste antagonist.

- Jou opstel moet 'n **inleiding en slotparagraaf** hê. Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.
- Onthou asb. om jou beplanning aan die agterkant van die bladsy te doen (sien instruksies) en dood te trek.
- Gebruik die kolpunte hieronder vir jou paragraafindeling.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- **Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.**

1. Inleiding

2. Die Baker se vroeë jare

- Wat was die naam van die plaas waarop die Baker grootgeword het, en in watter provinsie was dit? (2)
 - Gee EEN feit oor die Baker se pa. (1)
 - Waarom het die Baker se neef by hulle kom bly? (1)
 - Waarmee het die Baker op die plaas begin eksperimenteer? (1)
 - Watter ongewone stokperdjie het die Baker as kind gehad? (1)
-

3. Die Baker tydens die Apartheidsjare

- By watter frontmaatskappy het die Baker vir die Apartheids-regering begin werk? (1)
 - Wat het hy by hierdie maatskappy gedoen? (1)
 - Saam met watter ander karakter in die boek het hy by hierdie maatskappy gewerk? (1)
 - Die Baker het tydens hierdie periode in sy lewe 'n notaboek met 'n bruin omslag gehad. Wat het hy daarin geskryf? Noem TWEE dinge. (2)
 - Wie het hierdie notaboek vir Greg gestuur, en waarom het hy/sy dit gedoen? (2)
-

4. Die Baker en die Owens

- Wie het die Baker aan die Butcher en die Candlestick-maker voorgestel? Gee hierdie persoon se naam. (1)
- Wie se idee was dit om Regter Gericke dood te maak? $2 \times \frac{1}{2} =$ (1)
- Die Baker het saam met die Butcher en Candlestick-maker gewerk aan Project Nursery Rhyme. Verduidelik wat hierdie plan was. (2)
- Hoekom het die Baker ingestem om Regter Gericke dood te maak op die manier wat sy vrou voorgestel het? (1)
- Hoe het die Baker gereël om Greg vir die eerste keer te ontmoet? (1)
- Waarom wou die Baker vir Greg ontmoet? (1)

5. Slot

Assessering: 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen.

(5)
[25]

70 punte

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK**INSTRUKSIES VIR AFDELING B**

1. Beantwoord ALBEI vrae in hierdie afdeling.
2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.
3. Skryf die getal woorde aan die einde van elke vraag neer.
4. Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:
 - kennis van die vereistes van die spesifieke skryfstuk;
 - interpretasie van die opdrag;
 - inhoud en idees;
 - register en toon; asook
 - taalgebruik.

5. Beplanning

Dit is 'n goeie idee om jou skryfstuk te beplan voordat jy dit begin skryf. Die beplanning word egter nie gemerk of bepunt nie.

5.1 Skryf die opskrif BEPLANNING boaan.

5.2 Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy met jou skryfstuk klaar is.

VOORBEELD:

BEPLANNING	VRAAG
	
(linkerkantse bladsy)	(regterkantse bladsy)

VRAAG 5

TOESPRAAK



[Bron: <www. <https://www.indivstock.com/photo/605378.html>>]

Situasie:

Jy het minder as 6 maande oor van jou laaste jaar op skool. Jy het, deur jou hele skoolloopbaan, geleer dat die mense om jou (jou vriende, ouers, onderwysers en familie) jou ondersteun en jou optel as jy val. Jou huismeester vra jou om 'n toespraak voor die Huis te gee oor hoe mense jou deur jou skoolloopbaan gehelp het tot waar jy vandag is.

Opdrag:

Skryf jou toespraak van tussen 150 tot 220 woorde waarin jy vir jou Huis vertel van die **waarde van vriende, ouers, familie en onderwysers** in jou tyd op skool.

Skryf oor die volgende:

- **Noem** die mense wat 'n **goeie invloed** op jou gehad het en **wat** hulle gedoen het.
- Wat hierdie ondersteuning **vir jou beteken** het.
- Waarom dit belangrik is om hierdie mense te **bedank** vir wat hulle vir jou doen.

Instruksies:

- Jy kan jou paragraawe volgens die bostaande aspekte indeel.
- Jou toespraak moet ook 'n **inleidings- en 'n slotparagraaf** hê.
- Die inhoud van jou toespraak moet **tussen 150–220 woorde** lank wees.
- **Skryf die totale aantal woorde (getal) onderaan jou toespraak neer.**

[20]

VRAAG 6**E-POS****Situasie:**

Aan die begin van die jaar het jy 'n aansoek aan die Universiteit van Kaapstad gestuur om daar te gaan studeer in 2024. Jy het nog niks van hulle gehoor nie. Skryf 'n e-pos aan die universiteit om navraag te doen.



[Bron: <www. freepik.com>]

Opdrag:

Skryf 'n e-pos van 60-100 woorde waarin jy navraag doen oor die aansoek wat jy aan die begin van die jaar aan hulle gestuur het. Die volgende informasie moet deel van die e-pos wees:

- **Datum** wanneer jy die eerste e-pos geskryf het.
- Die **fakulteit** waarheen jy die e-pos gestuur het.
- Die **rede** waarom dit so belangrik is dat jy 'n antwoord terug moet kry.

Instruksies:

Die inhoud van jou e-pos moet **tussen 60–100 woorde** lank wees.

- **Skryf die totale aantal woorde onderaan jou e-pos neer.**
- Jy moet die onderstaande formaat vir jou e-pos gebruik.

Aan: _____ Onderwerp: _____ ===== Geagte Meneer/Mevrou Xxxx Xxxx By voorbaat dank (<i>Jou naam</i>)
--

[10]

30 punte